Ark Blitz



Bronswaskom

Jesus is die **Lam van God** wat die **sonde** van die wêreld **wegneem.**

Psalm 119:9:
Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?
Deur hom te hou aan u woord.

Hebreërs 7:25

Daarom kan **Hy** ook dié wat deur **Hom** na **God** gaan, eens en vir altyd

VERLOS.

Les 3 – REINIGING VAN SONDE

Maats lees: Lev 1;1-17; Eks 27 : 1-8; 38; 8-13; 30; 17 -21

1. Watter plan het God vir die mense gegee sodat hulle vergifnis van sondes kon ontvang? ***Hulle kon diere bring om te offer vir hulle sondes.***
2. Watter soort dier kon dit wees***? 'n Bul, skaap, bok of duif***
3. Hoe moes die diere lyk? ***Die beste en gesondste dier, sonder gebrek.***
4. Hoe is die sondes van die mense dan op die dier oorgedra? ***Die person moes sy hande op die dier se kop plaas terwyl die dier geoffer is.***
5. Hoekom wou God gehad het dat mense diere offer, al kon die diere nie hul sondes wegneem nie? ***God wou hulle herhinder hoe ernstig sonde is en dat iets of iemand gestraf moes word.***
6. Wie was die perfekte offer en wat het met Hom gebeur? ***Jesus was God se perfekte offer en Hy het aan die kruis gesterf vir ons sonde.***
7. Hoekom was dit nodig dat Jesus net eenmaal vir ons sondes sterf? ***Hy het al die sondes van die wêreld op Homself geneem en eenmaal daarvoor betaal. Dit was nie nodig dat Hy dit oor en oor moes doen nie.***
8. Wat was die plek genoem waar die diere geoffer is en hoe het dit gelyk***? Op die brandofferaltaar, wat 'n brons kis was met horings by elke hoek. Dit het ringe aan elke kant gehad waardeur pale gestoot is om die altaar te kon dra.***
9. Wat vind ons na die brandofferaltaar en hoe het dit gelyk? ***Die bronswaskom wat gemaak is van brons spiëels en met water gevul was.***
10. Wat sou gebeur het as die priesters in die tabernakel sou ingaan sonder om hulleself eers te was? ***Hulle sou sterf, want God is 'n heilige God en geen onreinheid kan in sy teenwoordigheid kom nie.***
11. Hoe kan jy uitvind of daar nog sonde in jou lewe is? ***Vra God om deur sy Woord, die Bybel, dit aan jou te wys.***
12. Wat moet jy doen as daar sonde in jou lewe is? ***Dit te bely voor God en Hy sal jou weer vergewe. Bely beteken om te herken en om saam te stem.***